**Saterdag 1 November**
**Skrifgedeelte: Handelinge 13:44-49 (AFR83/2020)**
**Fokusgedeelte: Handelinge 13:48**
**Mense wat vir die ewige lewe bestem is, glo die evangelie**

Nadat Barnabas en Paulus vir die eerste keer by Antiogië in Pisidië gepreek het, wou die mense graag meer hoor oor wat hulle te sê het en daarom is hulle genooi om die volgende Sabbat weer te preek. Hierdie keer daag daar 'n hele skare mense op om te luister!

Hoe reageer die mense wat die evangelie hoor? Hulle glo dit of hulle verwerp dit. Dit is presies wat Jesus vir sy dissipels geleer het toe hy die gelykenis van die saaier vertel het (Luk. 8:4-15). In hierdie gelykenis praat Hy van die saad wat op verskillende soorte grond val. Daar is wel vier soorte grond, maar net die saad wat op die goeie grond val, groei en dra vrug. Die saad op die ander drie plekke gaan vir verskillende redes dood voor dit vrug dra. Dit is ook so met die evangelie – mense glo dit of hulle verwerp dit.

Die rede waarom mense die evangelie glo, word in vers 48 gegee: Hulle is bestem vir die ewige lewe. In sy goedheid en genade het God, voordat hy die wêreld geskep het, hulle in Christus uitverkies (Ef. 1:4). Deur die boodskap van die evangelie roep Hy hulle om te glo, en die Heilige Gees werk in hulle harte om te glo.

Ongeag van hoe mense op die evangelie reageer, is daar een ding wat ons gereeld in die boek Handelinge lees: *"Die woord van die Here het ... versprei"* (vs 49). Om mense tot geloof en bekering te bring en te red, is dus alles God se werk. Maar ons is instrumente in sy werk, en daarom roep Hy ons om die evangelie oral met vrymoedigheid te verkondig.

*Sing: Psalm 33-1:5, 6*

*Dr. HM (Heinrich) Zwemstra (Walvisbaai/Swakopmund)*